

Sionistiese propaganda (*hasbara*) of morele integriteit? President Joe Biden oor die Israel-Hamas-oorlog van 2023

Marthie Momberg

Marthie Momberg, navorsingsgenoot: Sistematiese teologie en etiek (Eenheid vir Morele Leierskap),
Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

Watter soort moraliteit weerspieël president Joe Biden se openbare uitsprake oor die 2023 Israel-Hamas-oorlog? As een van vyf permanente lede van die Verenigde Nasies-Veiligheidsraad het die VSA 'n verantwoordelikheid vir vrede, veiligheid en die handhawing van menseregte om oorloë te voorkom en vreedsame oplossings in die wêreldgemeenskap te bevorder. Biden is egter skerp gekritiseer vir sy kommentaar oor die 2023-oorlog, en op 12 Desember 2023 veto Amerika die VN-Veiligheidsraad se besluit vir 'n skietstilstand tussen Hamas en Israel. Teen daardie tyd, ongeveer twee maande na die uitbreek van die geweld, was die menslike nood in Gaza reeds so haglik dat enige viering van die 75ste herdenking van die Universele Verklaring van Menseregte skynheilig kon voorkom.

Hierdie artikel gebruik die resultate van 'n kwalitatiewe, deduktiewe ondersoek om die verband tussen Sionistiese propaganda bekend as *hasbara*,¹ en Biden se openbare uitsprake in die aanloop tot die VN-Veiligheidsraad se stemming op 12 Desember 2023 aan te toon. Die ondersoek is inter-dissiplinêr en vanuit 'n etiese perspektief wat universele waardes en die rol van internasionale reg respekteer. Die datakorpus bestaan uit 'n spektrum van 13 verbatim getranskribeerde toesprake deur Biden vanaf 7 Oktober tot 12 Desember 2023.

Die bevindinge dui op 'n onteenseglike verband tussen Biden se kommunikasie en die *hasbara*-agenda om enersyds Israel as 'n eerbare, redelike en empatiese demokrasie voor te stel, en andersyds Palestyne onder verdenking te plaas en hulle menseregte en selfbeskikking as sekondêr te hanteer. Die staatsleier se gebruik van dubbele morele en wetlike standaarde om militêre geweld en die bevoorregting van Israel te rasionaliseer is nie nuut nie. Amerika beskerm Israel sedert 1948 in die VN-Veiligheidsraad teen aanspreeklikheid vir groteske menseregteskendings. Dis tyd om krities te besin oor die wêreldgemeenskap se instellings wat veronderstel is om na die veiligheid en vrede van alle mense om te sien.

Trefwoorde: Gaza-oorlog; *hasbara*; internasionale reg; Israel, Palestina; Joe Biden; propaganda; Sionisme

Abstract

Zionist propaganda (*hasbara*) or moral integrity? President Joe Biden on the Israel-Hamas war of 2023

When Hamas invaded Israel on October 7, 2023, 1 139 people died. Of these, about a third were military personnel, and Israel itself may have been responsible for some of the deaths. Hamas also took 240 hostages. These events shocked the world. A few days later, the world reeled again – this time due to the extent of Israel’s violent retaliation against Gaza.

Shock and dismay at the damage in Israel is obviously justified, but simplistic analyses of the events of October 7 that ignore context, especially when presented by an influential person, must be viewed critically. America’s President Joe Biden’s unwavering moral and military support for Israel’s attack on Gaza was sharply criticised from the outset.

After World War II, the world pledged never again to tolerate the oppression of any group of people. The USA has a specific and special responsibility in this regard. As one of five permanent members of the United Nations Security Council the US must maintain peace, security and human rights throughout the world in order to promote peaceful solutions and prevent wars. The UN Security Council’s decisions are not only binding, but are also enforceable. However, the US, which has offered generous diplomatic, financial and military support to Israel since 1948, has used its veto right repeatedly since 1948 to ensure that Israel is not held accountable for its multiple violations of various international laws.

On December 7, 2023 Martin Griffiths, Deputy Secretary General of the UN, declared that Israel’s revenge was so severe that humanitarian assistance in southern Gaza had become impossible and that it was no longer safe anywhere in Gaza. Large parts of Gaza were already in ruins and most of the approximately 2,3 million inhabitants were without food, water, medicine and shelter from the bombs and the cold. Tens of thousands – mostly women and children – were dead or seriously injured. More than 7 000 Palestinians were missing, with an unknown number still under the rubble. Everyone in Gaza – including journalists, medics, UN employees, and aid organisations – feared for their lives. In addition, attacks by Jewish settlers in the West Bank and in East Jerusalem increased sharply. By the time the US vetoed a resolution of the UN Security Council for a ceasefire between Hamas and Israel, the human distress in Gaza was so dire that any celebration of the 75th anniversary of the Universal Declaration of Human Rights would seem hypocritical.

Although Biden has been widely criticised in the media, his views have not been directly linked to *hasbara* (Hebrew for *explanation*, but in effect Zionist propaganda). In this article the author examines, describes and explains the connection between *hasbara* and Biden’s statements. The corpus data consists of 13 verbatim transcribed speeches and press releases from October 7, up to and including the UN Security Council’s vote on December 12, 2023. The research is interdisciplinary, qualitative and deductive and employs an ethical perspective that respects universal values and international law.

A secular Zionist movement was founded in Europe in 1897 with the aim of establishing an exclusive Jewish state. The choice of area fell on Palestine, which at that time was part of the Ottoman Empire. While the Zionist leaders were negotiating with Britain, they tried to convince the Palestinians that the relocation of European Jews to Palestine would be to their benefit. However, the mass immigration of European Jews at the beginning of the 20th century ushered in

an era of displacement, violence, destruction and a loss of territory for the Palestinians. Today, Israel discriminates against all Palestinians regardless of whether they live in Israel or in Palestine. After decades of state violence, Israel's de facto claim to Gaza, the West Bank and East Jerusalem has become de jure. Whether Palestinians have access to food, water, electricity, fuel, hospitals, schools, courts, family and the rest of the world is in the hands of the Israeli government.

Hasbara has become an integral part of Israel's politics since 1948. Although Israel views hasbara as a form of public diplomacy, it entails organised propaganda intended to rationalise and disguise Zionism's imperial goals and state violence. Hasbara consists of a mixture of truths, myths, loaded terms, innuendos, rhetorical questions, falsehoods, incomplete information and other techniques to create oversimplified and distorted versions of reality. The aim is to stir emotions and underlying assumptions that influence perceptions, attitudes and behaviour. Liberal audiences in particular are targeted. The language of peace and democracy is used to create the impression of reasonableness and genuine concern for Palestinian well-being, but in reality Palestinians are being stigmatised. The overall goal is to (a) deliberately manage Israel's image so that the state is above suspicion and (b) present Palestinians as suspect. As such, hasbara is a tool to maintain and expand international economic, socio-political, diplomatic and military support for the exclusive Jewish state.

In the corpus data Biden positioned Israel as honourable and reasonable by describing Israel as a democratic, law-abiding state that sincerely pursues peace. He expressed his admiration, loyalty and empathy for the country, as well as his willingness to provide practical help in the form of weapons. His message was clear: Israel's integrity cannot be doubted.

The President devoted his time and attention largely to promoting Israel's image and interests, and to condemning Hamas. While sanctioning Israel's violence, Biden positioned the violence perpetrated by Hamas not as resistance to decades of state violence, but as terrorism and acts of pure evil and hatred to the extent that even ISIS's actions appear more reasonable. According to Additional Protocol I of the 1949 Geneva Convention on "occupation", Palestinians are entitled to armed resistance against Israel's decades-long occupation as long as they do not target civilians. The occupier's extensive responsibilities towards the occupied party include, among other things, the maintenance of adequate hygiene, public health, medical care, food supplies, water and other basic human rights. The occupier may also not displace, uproot, or apply any form of collective punishment to the occupied population. One of the most powerful ways in which Biden mobilised his audiences to prioritise Jewish suffering and rights involved references to decapitated babies. The White House staff immediately issued a statement to explain that the President's claim of acts of terrorists beheading children cannot be verified. Two months later, Biden repeated this claim of decapitated babies – still without any evidence of such events.

While anti-Semitism discriminates against Jews, Zionism discriminates against Palestinians. Both forms of discrimination may not be tolerated in any context. However, Joe Biden is a self-confessed Zionist and supporter of Jewish nationalism. He was explicit about this loyalty and mentioned it several times, even in the same words: "You don't have to be a Jew to be a Zionist." At the same time, he made it clear that his moral compass is based on his Christianity, and that all people are created in the image of God and are therefore entitled to human dignity. With reference to Moses, Biden evoked a mythical past that insinuates that the identity of the Old Testament Jews is directly connected to Jewish Israelis and the State of Israel. Employing this problematic idea of a pure bloodline, he used the Old Testament to promote Zionism at the cost of Palestinian lives. Biden also described his long and close association with Israel, her supporters and her leaders with words such as "the intensity and the intellect and the brilliance you bring to

this cause”, “the miracle of Israel”, and “hope and light for so many”. Yet his comments about Israel’s moral leadership, democracy and law-abiding nature contradict findings that the State imposes an undemocratic, discriminatory rule of apartheid with military force on Palestinians – in Israel and in the occupied territories.

In the tradition of *hasbara*, Biden relied on a cause-and-effect logic without complete information, without consistency, and without nuanced interpretation. US leaders’ long-standing rhetoric that casts doubt on Palestinian aspirations has helped to establish the idea of a clear enemy among the public. This facilitates prioritising the interests of one group above those of another. If the electorate is also under the impression of a murderous threat by an unreasonable aggressor, convincing them that war is necessary and appropriate becomes plausible. Biden alluded to the terrible suffering of Jews in Europe, for example, to suggest that the protection of Jews and their right to human dignity and freedom outweighs that of Palestinians. Thus he used the West’s legitimate empathy with the Holocaust to justify power abuses in Gaza. The reprehensibility of anti-Semitism formed a refrain in his speeches, especially in conversations with the nation’s Jewish electorate. Biden evoked a connection with anti-Semitism despite the fact that the Palestinians had no part in the Holocaust. He expressed only vague empathy with Palestinian casualties, without offering relief or support.

On December 12, 2023, two months after Biden had explained in detail that silence about injustice is wrong, he repeated that “silence is complicity”. On that same day the US vetoed the UN Security Council’s resolution on a ceasefire between Hamas and Israel. Biden remained silent about the illegal occupation of Palestine, their right to armed resistance, the catastrophic damage in Gaza, and America’s deliberate actions since 1948 to protect Israel from accountability. He also ignored the voices of non-Zionist Jews, church leaders, academics, filmmakers and many others who do not support the Israel regime. Biden’s version of reality ignored both the responsibilities of Hamas (to attack only military targets) and of Israel (to end the occupation of Palestinian territories and associated injustices, and to protect civilians and their rights).

His speeches demonstrate a mixture of techniques that assist in the manufacturing of consent, such as the use of innuendo, loaded terms, emotion, false claims, myths and selective fact. The underlying meaning of his message was that the Palestinians’ claims to freedom, security and justice are secondary to the protection of Israel, and that Israel’s war and America’s supply of weapons to Israel, despite the high number of casualties among Palestinian civilians, are justified. Biden’s words and values may sound inspiring to some, but his statements involve a distorted logic and double standards, and they disregard the asymmetry between the parties. His position clearly reflected *hasbara*’s core goals to normalise Israel’s power abuses and incite the stigmatisation of the Palestinians.

As Israel’s partner, protector and financier, America has the power to enforce a decision. Biden can end the carnage in Gaza; he can allow Israel to be held accountable by the UN Security Council; and he can contribute to the realisation of Palestinian self-determination. Instead of playing off groups against one another, he can help to negotiate a sustainable, just peace based on international law for all involved. By prioritising US interests over global interests he abandons his responsibilities to apply universal values and international law and to maintain international peace and security. Moreover, his interpretation of Christianity deepens this lack of moral leadership and it raises questions about his personal role in inciting injustice.

Biden's use of propaganda to propagate a selective application of universal values also raises serious concerns about the integrity of a state with a critical responsibility for maintaining world peace and security in accordance with international law. If the selective application of universal values and international law by any country – in this case the most powerful in the world – since 1948 cannot be called to order, it is time to review the global community's mechanisms and structures for dealing with crises related to these very issues of human rights and international peace and security. The Palestinian struggle affects everyone. The struggle is no longer only about self-determination, peace and security. It has become one of survival and the integrity of justice.

Keywords: Gaza war; hasbara; international law; Israel, Palestine; Joe Biden; propaganda; Zionism

1. Inleiding

Op die slagveld van diskoers en in die geveg om persepsies is feitelike akkuraatheid nie die enigste soldaat nie. Chomsky en Herman (1988) gebruik Walter Lippmann se term *manufacturing consent* om te verduidelik hoe 'n vereenvoudigde weergawe van die werklikheid, deur invloed-ryke persone of instansies aangebied, die publiek se algemeen aanvaarde waarheid kan word. As een van die mees betwiste kwessies van ons tyd is die konteks van Israel-Palestina een waarin propaganda doelbewus ingespan word om jare lange sistematiese staatsgeweld te verberg (Stanley 2015:53).

Hamas se inval in Israel op 7 Oktober 2023 het die wêreld laat steier. Tydens die gruweldade van daardie dag is 1 139 mense in Israel dood. Hiervan was sowat 'n derde militêre personeel (Blum 2023), en Israel was moontlik verantwoordelik vir sommige van die sterftes (Rozovsky 2024). Hamas het ook 240 mense gyselaar geneem.

Die omvang van Israel se weerwraak op Gaza het die wêreld geskok, selfs ook sommige van die land se bondgenote. Israel se Abraham-verdrag met Bahrein, Marokko en die Verenigde Arabiese Emirate was skielik op die spel (Long 2023). Bahrein, Jordanië, Tsjad en Tjürkiye het hulle ambassadeurs herroep. Chili, Colombia en Honduras het dieselfde gedoen. Bolivië het alle diplomatieke bande met Israel verbreek.

Westerse bondgenote het egter dadelik steun aan Israel verklaar. Dit sluit in die VSA se president Joe Biden, eerste minister Rishi Sunak van die Verenigde Koninkryk, president Ursula von der Leyen van die Europese Kommissie, asook die staatshoofde van Australië, Duitsland, Frankryk, Hongarye, Italië, Nederland, Oostenryk, Pole en Kanada. Duitsland en Frankryk het selfs openbare optogte in solidariteit met die Palestyne verbied.

Twee maande later verklaar Martin Griffiths, adjunk-sekretaris-generaal van die Verenigde Nasies (VN), dat Israel se militêre aanslag so erg is dat humanitêre hulpverlening in suidelike Gaza onmoontlik geword het, en dat dit nêrens in Gaza meer veilig was nie (Verenigde Nasies 2023c). Teen die einde van 2023 was groot dele van Gaza in puin en die meeste van die sowat 2,3 miljoen inwoners sonder kos, water, medisyne en skuiling teen die bomme en die winterkoue. Tienduiseende – meestal vroue en kinders – was dood en ernstig beseer. Meer as 7 000 Palestyne was vermis, met 'n onbekende aantal nog onder die puin. Almal in Gaza – ook joernaliste, medici en werknemers van die VN en hulporganisasies – het vir hulle lewens gevrees (Verenigde Nasies 2023g).

Ook in die Wesoewer en in Oos-Jerusalem het aanvalle op Palestynse burgerlikes na 7 Oktober 2023 skerp toegeneem. Israel het omtrent 5 000 burgerlikes gearresteer, meer as 300 gedood, nog meer gewond en honderde strukture vernietig (Verenigde Nasies 2023f). Joodse setlaars, veral dié met Amerikaanse burgerskap, het terreur aangehits om Palestyne te verjaag, te vermoor en hulle eiendom te konfiskeer (McGreal 2023). Op 28 Desember het sowat 30 gemaskerdes byvoorbeeld Armeense teoloë, studente en ander Christene in Oos-Jerusalem ernstig beseer in 'n poging om hulle geboue te konfiskeer (Jaffe-Hoffman 2023).

Na die Tweede Wêreldoorlog het die wêreld onderneem om nooit weer die onderdrukking van enige groep mense te duld nie. Maar op 10 Desember 2023 verklaar die VN se Lynn Hastings dat die wêreldgemeenskap na regte nie die 75ste herdenking van die Universele Verklaring van Menseregte kan vier nie, want selfs lede van burgerlike organisasies in Israel en elders wat protesteer teen Israel se buitensporige geweld en die besetting van Palestina, word aangeval en benodig beskerming. “Dis asof ons niks geleer het in die afgelope 75 jaar nie,” sê Hastings (Verenigde Nasies 2023d, my vertaling).

Teen daardie tyd het die VN se sekretaris-generaal, António Guterres, reeds 'n dringende brief aan die president van die Veiligheidsraad, José Javier de la Gasca Lopez Domínguez, gerig. Guterres se openingswoorde beklemtoon sy pleidooi: “I am writing under Article 99 of the United Nations Charter to bring to the attention of the Security Council a matter which, in my opinion, may aggravate existing threats to the maintenance of international peace and security” (Verenigde Nasies 2023a). Guterres versoek 'n dringende skietstilstand. Hy keur Hamas se geweld op 7 Oktober ten sterkste af, vra dat almal wat uit Israel ontvoer is, onmiddellik vry-gelaat word, en waarsku teen 'n algehele humanitêre ineenstorting in Gaza. Hy beklemtoon ook die verantwoordelikheid van die internasionale gemeenskap: “The international community has a responsibility to use all its influence to prevent further escalation and end this crisis” (Verenigde Nasies 2023a). Dit volg nadat hy op 20 Oktober gesê het dat Hamas se brutale aanslag nie kan dien as “a pretext for a collective punishment of the Palestinian people” nie (Verenigde Nasies 2023b).

Die VN se Algemene Vergadering se beslissings dra morele gesag, maar dit kan nie afgedwing word nie. Die VN-Veilighedsraad mag egter wel besluite implementeer, tensy een van die vyf permanente lidlande (Frankryk, Rusland, China, Brittanje en die VSA) 'n besluit veto. Die VSA, 'n supermoondheid met invloedryke diplomatieke en ekonomiese bedingingsmag, se verantwoordelikheid strek veel verder as eie belang. As 'n permanente lid van die VN-Veilighedsraad het die VSA 'n kritieke rol en verantwoordelikheid in die handhawing van internasionale vrede, veiligheid en menseregte waar dié bedreig word. Op 12 Desember 2023 gebruik Amerika egter vir ten minste die 34ste keer sedert 1948 sy vetoreg in die Veiligheidsraad om te verhoed dat Israel aanspreeklik gehou word vir onreg (Asrar en Hussein 2023). Saam met Amerika en Israel stem Guatemala, Liberië, Mikronesië, Nauru, Oostenryk, Papoea-Nieu-Guinee, Paraguay en Tsjeggië daardie dag teen 'n skietstilstand tussen Israel en Hamas. Brittanje en 22 ander lande bly buite stemming, terwyl 153 lande, ook Frankryk, Rusland en China, die voorstel aanvaar (Duffy 2023). Ten minste 18 205 Palestyne was teen 11 Desember reeds dood – 70% hiervan vroue en kinders – en ongeveer 50 100 gewond (Verenigde Nasies 2023e).

Hoewel Biden en ander Westerse leiers se uitsprake oor die oorlog in die media gekritiseer is, word dit nie direk in verband gebring met *hasbara* (Hebreeus vir *verduideliking*, maar in wese georganiseerde propaganda wat Sionistiese doelstellings bevorder) nie. In hierdie artikel verduidelik ek die verband tussen *hasbara* en Biden se openbare uitsprake en morele oriëntasie in 'n saak waarin Israel later aangekla is van volksmoord (Internasionale Geregshof 2024).

Hiervoor gebruik ek verbatim getranskribeerde toesprake en persverklarings vanaf 7 Oktober tot 12 Desember 2023, soos beskikbaar op die Withuis se webwerf. Die ondersoek is inter-dissiplinêr, kwalitatief en vanuit 'n etiese perspektief. As navorser onderskryf ek universele morele waardes en internasionale menseregte wette.

Die artikel open met 'n kort oorsig oor die ontstaan en ontwikkeling van hasbara. Daarna bied dit 'n oorsig oor die verband tussen twee hooftemas in hasbara en Biden se uitsprake en etiese oriëntasie. Hoewel dit onmoontlik is om alle tersaaklike voorbeelde te opper binne die bestek van hierdie bydrae, dui die bevindinge daarop dat Biden se posisie ten nouste saamhang met hasbara se kernboodskappe wat Israel se militêre magsvergrype en die stigmatisering van die Palestyne normaliseer om die publiek te mislei. Biden se benutting van propaganda om 'n selektiewe toepassing van universele waardes te propageer wek ernstige kommer oor die integriteit en leierskap van 'n staat met 'n kritieke verantwoordelikheid vir die handhawing van vrede en veiligheid tussen lande. Dit wek ook ernstige vrae oor die handhawing van internasionale reg en die wêreldgemeenskap se meganismes om krisisse met betrekking tot menseregte te hanteer.

2. Die bevordering van Sionistiese doelstellings

2.1 Die vroeë jare

Voorstanders van 'n Joodse staat op Palestynse grond het van meet af aan propaganda gebruik om die imperiale doelwitte van Sionisme te bevorder. Toe Theodor Herzl in 1897 die Sionistiese beweging in Europa gestig het, was dit met die plan om êrens in die wêreld 'n Joodse staat te vestig. Herzl en sy kollegas het drie opsies oorweeg: Uganda, Argentinië en Palestina. Die keuse het op Palestina geval omdat die ondersoekspan dit as 'n land sonder 'n bevolking bestempel het (Shavit 2013:16). Dié doelwit het in 1917 momentum verkry. Brittanje het in die Balfour-verklaring steun verklaar vir die oprigting van 'n "nasionale tuiste vir Jode" in Palestina, met die voorwaarde dat die burgerlike en godsdienstige regte van "nie-Joodse" inwoners beskerm sou word (Balfour 1917).

Brittanje se besluit was egter gemotiveer deur eiebelang en die Palestyne is nie by die naam genoem in die 1917-verklaring nie. Palestina was in daardie stadium deel van die Ottomaanse Ryk met 'n bevolking van hoofsaaklik Moslems en Christene, met Jode en Droeë as minderheidsgroepe. Die Balfour-verklaring het gevolg na Brittanje se onderhandelinge met Joodse Sioniste sonder om die Ottomane of die Palestyne te raadpleeg. Brittanje het gehoop dat 'n groter Joodse teenwoordigheid in Palestina die Geallieerde Magte in die Eerste Wêreldoorlog sou help. Die Europese immigrante kon volgens Brittanje dien as 'n buffer en as 'n kommunikasiekanaal vir toegang tot die Suez-kanaal en sodoende ook na Indië (Balfour Declaration: United Kingdom 1917) wat Britse koloniale belange sou bevorder. Die Balfour-verklaring het ook die weg berei om in 1920 van Palestina 'n Britse mandaatgebied te maak met die instemming van die ander Geallieerde Magte (die VSA, Frankryk, Italië en Rusland).

Die massa-immigrasie van Jode uit Europa vroeg in die 20ste eeu het 'n era van ontworteling, bloedige geweld, vernietiging en 'n verlies aan grondgebied vir die Palestyne ingelui. Nie al die Sioniste wou 'n onafhanklike Joodse staat stig nie. Sommige wou bloot inskakel by die bestaande samelewing. Diegene wat wel 'n eie staat op Palestynse grond wou vestig, het besef dat die grootskaalse opkoop van soveel as moontlik grond en die plan om die oorheersende

bevolkingsgroep te word, nie summier aanvaar sou word deur die plaaslike inwoners nie. Hulle het ook gesnap dat 'n aggressiewe, konfronterende aanslag nie in hulle guns sou werk nie. Die idee van 'n Sionistiese koerant in Arabies is reeds in 1899 aan Herzl voorgestel, maar het nie dadelik gerealiseer nie. Intussen het die Sionistiese leierskap, weens kritiek in die plaaslike pers oor die imperiale doelwitte van Sionisme en die toenemende aanvalle op Palestyne, besluit om eerder bestaande Arabiese koerante te gebruik om hulle politiese ideale te bemark. Hulle kernboodskap was dat die massa-immigrasie die Palestyne bevoordeel het weens die Europese Jode se gesofistikeerde opvoeding, finansiële welstand en strewe na vrede en harmonie – solank die Palestyne net nie weerstand bied nie (Cohen 2022:3–5).

Die propaganda het egter nie die Palestyne oortuig nie. Teen die 1930's het die Sionistiese leiers Palestynse leiers openlik beskuldig van onwilligheid om met hulle saam te werk. Die spanning en geweld het toegeneem. Die toe nog onervare Verenigde Volke-Organisasie, of VVO (wat later die Verenigde Nasies geword het) het in 1947 voorgestel dat die grootste deel van Palestina (55%) aan die Joodse bevolking gegee word, met die res aan die Palestyne. 'n Volskaalse oorlog het uitbreek. Teen die tyd dat David Ben-Gurion op 14 Mei 1948 die staat Israel op 78% van Palestina verklaar het, was 85% Palestyne vlugteling en die meeste Palestynse bates in die hande van Israel (Pappe 2013:31–145).

Wat Israel as 'n onafhanklikheidsoorlog beskou, is vir Palestyne 'n *nakba* (Arabies vir *katastrofe*) wat nooit geëindig het nie. Vandag diskrimineer Israel teen alle Palestyne, hetsy in Israel of in Palestina (Amnestie Internasionaal 2022; B'Tselem 2021; Human Rights Watch 2021). Na dekades van besetting en staatsgeweld het Israel se de facto-aanspraak op Gaza, die Wes-oewer en Oos-Jerusalem de jure geword. Of Palestyne toegang het tot kos, water, elektrisiteit, brandstof, hospitale, skole, howe, familie en die res van die wêreld, is in die hande van die Israeli-regering.

2.2 Vanaf 1948

Die doel van enige propaganda is om so oortuigend te klink dat die teikengehoor meen dis onnodig om die inligting te verifieer, alternatiewe inligtingsbronne te raadpleeg, of vrae te stel. Propaganda gebruik doelbewus ook rede, aspekte van die waarheid en algemeen aanvaarde veronderstellings om selfstandige en kritiese denke te ontmoedig:

While propaganda is often thought of as false or misinformation, it can instead involve framing effects (“The war on drugs”), covert messaging (“There are Muslims among us”), emotionally charged slogans (“Make America Great Again”), or myths (“The American dream”). These forms of propaganda mislead audiences, not by introducing false information, but by making some beliefs and values, rather than others, salient. In fact, propaganda can even employ straightforwardly true claims (again, as in “There are Muslims among us”) and seemingly objective bureaucratic reports (“Crime has risen 4.2%”). (Stanley en Quaranto 2021:125)

Georganiseerde propaganda wat die ideologie van Sionisme se imperiale en diskriminerende politieke doelwitte propageer, het sedert 1948 'n integrale deel van Israel se politiek geword (Aouragh 2016:273). Vandag word die term *hasbara* algemeen gebruik om te verwys na wat Israel voorhou as 'n vorm van openbare diplomatie, terwyl *hasbara* in wese probeer om die staat se beleid en praktyke te rasionaliseer. Dié propagandistiese kommunikasiestrategie gebruik 'n mengsel van waarhede, mites, gelaaide terme, retoriese vrae, valshede, onvolledige

inligting en ander tegnieke om vereenvoudigde en verwronge weergawes van die werklikheid te skep. Die doel is om emosies en onderliggende aannames te ontketen en persepsies, houdings en gedrag te beïnvloed. Wanneer inligting so gereduseer of gefiltreer word, is kritiese vrae oor die bedoeling en die aard van die boodskap egter nodig, byvoorbeeld: Wie is die werklike teikenmark? Wie se agenda word gedien? Met watter oogmerke? Wat is die gevolge? Dus is dit nie net feitelike inhoud nie, maar ook faktore soos woordkeuse, styl, klem, volgorde, tyds-berekening, persepsies, emosies, aannames, dit wat verswyg word, en die integriteit van die logika, wat betekenis en dit wat mense hoor, beïnvloed.

Hasbara word gebruik om internasionale ekonomiese, sosiopolitieke, diplomatieke en militêre steun vir die eksklusiewe Joodse staat ten koste van die Palestyne te behou en uit te brei. Die taalgebruik, styl en redenasies van hierdie propaganda is deur die jare verfyn met behulp van ruim befondsing en toegewyde werk deur kundiges uit die media, regeringskunde, militêre strategie en die akademie. Die Amerikaanse propagandis Frank Luntz het byvoorbeeld sedert 2003 kommunikasieriglyne opgestel waarvolgens Israel se openbare beeld in die media – veral in Europa en in die VSA – bestuur moes word. Luntz het sy opdrag ontvang van die Israel Projek vir Veiligheid, Vryheid en Vrede, 'n Amerikaanse-gebaseerde nuwingsgewende, nieregerings-organisasie met kantore in die VSA en Israel (Luntz 2009:1, 3).² Sy voorstelle teiken nie reeds uitgesproke Sioniste en Christen fundamentaliste nie, maar probeer eerder om liberale gehore oor te haal, en verskeie werkswinkels is met politici en ander beïnvloeders gevoer.

Elkeen van die 166 bladsye van die Israel Projek se kommunikasiestrategie vir Israel se 2009-oorlog in Gaza, met die vlae van Duitsland, Engeland, Frankryk en die VSA op die voorblad, is gemerk as “vertroulik en nie vir verspreiding nie”. Dié riglyne het egter vinnig uitgelek na Newsweek Online (Cockburn 2014). Tydens die skryf van hierdie artikel is die 2009-taalwoordeboek (Luntz 2009) van Newsweek Online verwyder, maar dis wel nog elders beskikbaar. Hoewel die 2009-riglyne kontekstspesifiek is, bied dit steeds waardevolle insig in die metanarratief van hasbara. Luntz meen byvoorbeeld dat die gebruik van vae positiewe frases, retoriese vrae, insinuasies, en opmerkings wat Israel as heldhaftig en empaties voorstel, Sioniste help om oortuigend te klink. Nog 'n kernaspek van hasbara behels tegnieke wat die verhouding tussen Israel en die Palestyne as ewewigtig voorstel om sodoende die aandag van die besetting en die gepaardgaande ongelyke magsverhouding en diskriminasie af te lei.

Luntz moedig voorts ondersteuners van Sionisme aan om hierdie tegnieke toe te pas in 'n benadering wat positief, hoopvol en opbouend klink, soos in voormalige president Obama se aanslag – wat Luntz as ideaal bestempel:

- Overall theme of mutuality? Check.
- Appealing to the well-being and safety of *children* on both sides? Check.
- Humanizing the issue? Check.
- Acknowledging the errors of the past but focusing on the future? Check.
- Emphasizing the need to improve living conditions for the Palestinians and security for Israelis? Check.
- Finishing with a call for “progress”? Check. (Luntz 2009:88, kursivering deur Luntz)

Hasbara gebruik dus die taal van vrede en demokrasie berekend om die indruk van redelikheid en opregte kommer oor Palestynse welstand te skep, maar in werklikheid word Palestyne gestigmatiseer. Die oorhoofse doel is om Israel se beeld doelbewus so te bestuur dat (a) die staat bo verdenking is en (b) Palestyne bevraagteken word (Stanley 2015:105–6).

Die volgende afdeling bied 'n oorsig van Biden se etiese oriëntasie en sy benadering tot dié twee hoofpropagandistiese boodskappe in die staatsleier se toesprake vanaf Hamas se inval op 7 Oktober tot die VN-Veilighedsraad se stemming oor 'n skietstilstand op 12 Desember 2023. Die ontleding is deduktief en tematies. Die datakorpus bestaan uit 13 toesprake en persverklarings waarin Biden óf spesifiek praat oor die kwessie, óf inleidende opmerkings daaroor maak in ander gesprekke.

3. Biden en hasbara: 7 Oktober – 12 Desember 2023

3.1 Israel voorgehou as eerbaar en redelik

Dis so vreemd, skryf Mark Braverman – wat, soos Stanley, self Joods is – dat die rolle van die partye net mooi omgedraai word: Joodse Israeli's word beskou as onskuldige slagoffers en Palestyne as onredelike aggressors (Braverman 2010:24). Nog voor die uitbreek van die 2023-oorlog het nie-Sionistiese Jode, akademici en prominente menseregte-organisasies Israel se verhouding tot die Palestyne skerp gekritiseer. Trouens, hulle beskryf Israel se bewind in terme van besetting, setlaarkolonialisme, etniese suiwering en apartheid soos in internasionale reg omskryf (Amnestie Internasionaal 2022; B'Tselem 2021; Human Rights Watch 2021; Momberg 2023a).

In hasbara word Israel egter voorgehou as 'n regverdige, demokratiese staat wat redelik, deurdag en eties optree in belang van die waarheid, selfbeskerming, veiligheid en vrede – 'n span wat die VSA kan aanmoedig (Luntz 2009:9–10). Suksesvolle kommunikasie, so verduidelik Luntz in sy taalwoordeboek, het nie te make met lang ontledings nie, maar eerder met die uitlig van 'n paar gedeelde waardes waarmee die gehoor kan identifiseer en die herhaling daarvan: “A key rule of successful communications is ‘Keep It Simple, Stupid’” (Luntz 2009:15). Anders gestel: “It’s not what you say that counts. It’s what people hear” (Luntz 2009:3). Luntz redeneer dat die party wat die woord *vrede* die meeste noem, die debat wen, en dat dit nie nodig is om enige vrae direk te beantwoord nie, solank die antwoorde Israel in 'n positiewe lig stel (Luntz 2009:8–9, 12–3). Dis inderdaad 'n woord wat Biden herhaaldelik gebruik en dikwels 'n paar maal in een gedagtegang (Withuis 2023b, 2023d, 2023e, 2023f), byvoorbeeld hier:

Seventy-five years ago, your founders declared that this nation would be one based – quote, “based on freedom, justice, and peace”. “Based on freedom, justice, and peace.” The United States stands with you in defense of that freedom, in pursuit of that justice, and in support of that peace today, tomorrow, and always. We promise you. (Withuis 2023g)

And as I said in Israel: As hard as it is, we cannot give up on peace. We cannot give up on a two-state solution. Israel and Palestinians equally deserve to live in safety, dignity, and peace. (Withuis 2023h)

Volgens Luntz is die gebruik van empatiese woorde 'n belangrike tegniek om Israel bo verdenking te plaas tydens militêre operasies. Alle kommunikasie behoort dan te begin met woorde van

empatie vir beide partye. Dié uitdrukkings van meelewing moet minstens tien maal herhaal word én gekoppel word aan opmerkings oor demokrasie en vrede sodat die groot aantal sterftes onder Palestynse burgerlikes nie bevraagteken word nie, en die kwessie van ontoelaatbare geweld nie ter sprake kom nie (Luntz 2009:15, 46). Veral uitdrukkings van meegevoel met kindersterftes dra by tot die indruk van geloofwaardigheid en help om die eintlike redes wat tot die uitbreek van 'n oorlog gelei het, te verberg:³

First, empathy. You cannot let the debate over the Gaza War be framed as “who did what first?” argument. Or a discourse on the appropriateness of “proportionality”. It must be framed as something that must be stopped because of the suffering it causes to both peoples.

[...]

And the reason why it must be stopped is because no child – Israeli or Palestinian – should have to live in fear of a rocket attack or a military operation [...] Israeli parents understand the fears Palestinian parents have for their children – because they have gone through the exact same thing. That’s the textbook definition of empathy. You simply must frame this whole issue in terms of mutuality of empathy.

And we mean frame it. You have to start this argument the right way in order to maintain the credibility you need to finish it off. If you lay right into “rockets, rockets, rockets” you’ll lose the entire left and more than half of the middle. But if you start with something unexpected and genuine, they’ll hear you out for the rest of what you have to say. (Luntz 2009:46)

In sy toesprake kontekstualiseer Biden Joodse aspirasies en lyding, maar nie Palestynse aspirasies en lyding nie. Hy maak ook geen melding van die ongevalle onder kinders in Gaza nie. In Januarie 2024 publiseer Visualizing Palestine infografika wat die geweldige omvang van dooie en vermiste kinders in Gaza illustreer. Dit sluit nie die derduisende beserings, met inbegrip van verlies aan ledemate, in nie:



Figuur 1. Kindersterftes en vermiste kinders in Gaza, 7 Oktober – 31 Desember 2023 (Khatri 2024)

Bron: Visualizing Palestine (Lisensie: CC BY-NC-ND 4.0; gebruik sonder aanpassings)

Nog 'n manier om die indruk van redelikheid en empatie te skep, behels opmerkings oor Israel se doelbewuste pogings om burgerlike sterftes en beserings te beperk: **“Take some time to talk about Israel’s efforts to prevent civilian casualties.** The issue of Palestinian civilian casualties is one of the most damaging in the entire debate” (Luntz 2009:50; vetdruk Luntz se eie).

Biden spreek sy kommer uit oor Joodse setlaars se aanvalle op Palestyne in die Wesoeier (Withuis 2023i) en die “hoop en verwagting” (Withuis 2023j) dat aanvalle op Palestyne beperk sal word. Hy praat in vae terme van Israel as ’n wetsgehoorsame staat sonder verwysing na enige spesifieke internasionale wette en praat slegs van “the rule of law” (Withuis 2023b, 2023e). In die taal van hasbara moet gewapende geweld soos volg gekwalifiseer word: “The Israeli goal is to minimize casualties. The terrorists’ goal is to maximize casualties. And that’s the difference” (Luntz 2009:98). Benjamin Netanyahu herhaal in gesprek met Biden hierdie sin byna woordeliks: “While Israel seeks to minimize civilian casualties, Hamas seeks to maximize civilian casualties” (Withuis 2023g). Israel se eerste minister redeneer hier dat Israel ’n wettige oorlog voer terwyl Hamas ’n verskriklike dubbele misdaad pleeg en verantwoordelik gehou moet word vir alle burgerlike ongevallen in Israel én in Gaza (Withuis 2023g). Hierop bevestig Biden die VSA se ondersteuning aan Israel. Biden noem wel later, as ’n nagedagte, die noodsaak om ongevallen onder Palestynse burgerlikes te beperk en spreek empatie uit met Palestyne wat verliese gely het (Withuis 2023f, 2023h, 2023m). Hy stel egter geen praktiese stappe voor nie, dwing nie ’n skietstilstand af nie, en hanteer Gaza bloot as ’n humanitêre situasie wat bestuur moet word (Withuis 2023f, 2023m).

Getrou aan die tradisie van hasbara en die ideologie van Sionisme benut Biden ’n verskeidenheid propagandategnieke om Israel as redelik en eerbaar voor te stel. Hy gaan ook verder. Volgens die hasbarataalwoordeboek is dit beter om nie na Israel te verwys as ’n “Joodse staat” of ’n “Sionistiese staat” nie (Luntz 2009:12). As ’n selferkende Sionis en ondersteuner van Joodse nasionalisme maak Biden egter sy lojaliteit op 18 Oktober 2023 eksplisiet nadat hy erken dat hy voorheen al in die moeilikheid beland het daarvoor: “You don’t have to be a Jew to be a Zionist” (Withuis 2023d). Biden herhaal sy nasionalistiese en ideologiese identifikasie met Sionisme verskeie kere, selfs in dieselfde woorde, soos wanneer hy noem dat as ’n staat soos Israel nie reeds bestaan het nie, “we’d have to invent one” (Withuis 2023d, 2023m).

Benewens die VSA se ruim diplomatieke, finansiële en militêre steun aan Israel sedert 1948 (Coren en Feldman 2013; Sharp 2013:2; Withuis 2023b)⁴ is Biden se lojaliteit deel van ’n lang, persoonlike verbintenis met en bewondering vir Israel en sy leiers (Withuis 2023a, 2023d, 2023e). Amerika se staatsleier beklemtoon byvoorbeeld sy noue verhouding met die Israeliese eerste minister, Benjamin Netanyahu: “I’ve known Bibi for over 40 years in a very frank relationship. I know him well” (Withuis 2023c). Hy brei ook uit oor sy ervarings met Golda Meir (Withuis 2023d, 2023e). Biden vertel hoe hy sy kinders en kleinkinders op die ouderdom van 14 na Dachau geneem het sodat hulle kan leer om nie stil te bly oor onreg nie. Dis juis hierdie diep empatie met Joodse lyding in Europa en die noodsaak om onreg openlik aan te spreek wat Biden gebruik om die gebeure enkele dae na 7 Oktober te kontekstualiseer:

This attack was a campaign of pure cruelty – not just hate, but pure cruelty – against the Jewish people. And I would argue it’s the deadliest day for Jews since the Holocaust – the deadliest day since the Holocaust, one of the worst chapters in human history that reminded us all that – that expression I learned from my dad early on: “Silence is complicity.” I’m not – I mean, silence is complicity. It really is. ... I refuse to be silent, and I know you refuse to be silent as well. [...] And let there be no doubt: The United States has Israel’s back. We will make sure the Jewish and democratic State of Israel can defend itself today, tomorrow, as we always have. It’s as simple as that. (Withuis 2023b)

Biden prys Israel en Israel se ondersteuners in vae positiewe frases. So bedank hy ’n groep Joodse gemeenskapsleiers vir hulle leierskap en “the intensity and the intellect and the brilliance you

bring to this cause”(Withuis 2023c). Hy beskryf Israel in gloeiende terme as ’n bastion van inspirasie vir die wêreld:

You know, the miracle of Israel is Israel. It’s Israel itself – the hope it inspires, the light it represents to the world. (Withuis 2023c)

You inspire hope and light for so many around the world. That’s what the terrorists seek to destroy. That’s what they seek to destroy but – because they live in darkness – but not you, not Israel. (Withuis 2023e)

You are a Jewish state, but you’re also a democracy. And like the United States, you don’t live by the rules of terrorists. You live by the rule of law. And when conflicts flare, you live by the ru- – law of wars. (Withuis 2023e)

Dié positiewe opmerkings oor morele leierskap, demokrasie en wetsgehoorsaamheid weersprek egter bevindinge dat Israel ’n ondemokratiese en diskriminerende heerskappy van apartheid met militêre mag afdwing op alle Palestyne – beide in Israel en in die besette Palestynse gebied (Amnestie Internasionaal 2022; B’Tselem 2021; Human Rights Watch 2021). Selfs in Israel diskrimineer die regering aan die hand van tientalle wette teen Palestyne of Arabiese burgers (ADALAH s.j.). Daarteenoor is Amerika wel ’n demokrasie wat die vryheid en regte van elke burger – ook Joodse Amerikaners – waarborg. Daarom is dit onduidelik waarom Biden die volgende opmerking maak:

And, folks, I was asked to – in one of my very frank conversations with Bibi and with Herzog. Said, “Why do I feel so deeply about this?” It’s not about the region. I truly believe, were there no Israel, no Jew in the world would be ultimately safe. It’s the only ultimate guarantee. The only ultimate guarantee. The only ultimate guarantee. (Withuis 2023c)

Op 12 Desember 2023, twee maande nadat hy presies dieselfde woorde oor die verswyging van onreg geuiter het op 10 Oktober 2023, herhaal Biden by ’n verkiesingsveldtog hoe hy van kleins af uit die gebeure van die Holocaust geleer het dat stilte oor onreg hom medepligtig maak. Dis juis waarom hy sy kinders en kleinkinders leer “silence is complicity” (Withuis 2023m). Wat sy uitlating op 12 Desember so beduidend maak, is dat die VSA op daardie selfde dag die VN se besluit oor ’n skietstilstand tussen Hamas en Israel veto. Tog is Biden doodstil oor die dekades van onreg teenoor die Palestyne, én oor Amerika se bydrae sedert 1948 om Israel in die VN-Veilighedsraad teen aanspreeklikheid te beskerm. Biden is ook stil oor die stemme van nie-Sionistiese Jode, kerkleiers, akademici, filmmakers en soveel andere wat nie die ondemokratiese Israeliese regime ondersteun nie.

Volgens Biden se oorsaak-en-gevolg-redenasie is Joodse Israeli’s bo verdenking weens hulle verskriklike lyding in Europa. Hiervolgens weeg Jode se geskiedenis en hulle reg op menswaardigheid en vryheid swaarder as dié van Palestyne en daarom moet Israel se beskerming voorkeur kry. Biden gebruik dus die Weste se regmatige empatie met die Holocaust om magsvergrype in Gaza te regverdig. Wanneer Palestyne rebelleer, word hulle beskuldig as die oorsaak van al die probleme. Biden kies daarom tussen groepe mense eerder as om internasionale reg as maatstaf vir beide partye te gebruik.

Biden se dubbele standaard word ook weerspieël in die verdeling van sy tyd en aandag tydens sy toesprake. Hy fokus grootliks op die bevordering van Israel se beeld en belange, saam met

die veroordeling van Hamas. Eers op 18 Oktober noem hy die lot van Palestynse burgerlikes in Gaza, maar nie sonder om agterdog te wek en die beskadiging van hospitale en ander openbare fasiliteite deur Israel te verswyg nie:

Seventy-five years ago, just 11 minutes after its founding, President Harry S. Truman and the United States of America became the first nation to recognize Israel. We have stood by your side ever since. For decades, we've ensured Israel's qualitative military edge. And later this week, I'm going to ask the United States Congress for an unprecedented support package for Israel's defense. We're going to stand by your side now.

But for a nation the size of Israel, it was like 15 9/11s. The vast majority of Palestinians are not Hamas. Hamas does not represent the Palestinian people. Hamas uses innocents – innocent families in Gaza as human shields, putting their command centers, their weapons, their communications tunnels in residential areas.

The Palestinian people are suffering greatly as well. We mourn the loss of innocent Palestinian lives. Like the entire world, I was outraged and saddened by the enormous loss of life yesterday in the hospital in Gaza. Based on the information we've seen to date, it appears the result of an errant rocket fired by a terrorist group in Gaza. (Withuis 2023e)

Een van die kragtigste wyses waarop Biden sy gehore mobiliseer om Joodse lyding en regte te prioritiseer en Israel se weerwraak te regverdig, behels verwysings na onthoofde babas. Die blote woorde roep by die meeste mense 'n ontstellende beeld op van afsku vir die moord op weerlose, onskuldige wesens. Kort nadat Hamas se Qassam-brigade Israel binnegeval het, noem Biden dat hy foto's van onthoofde babas gesien het: "It is important for Americans to see what is happening. I have been doing this for a long time. I never really thought that I would see, have confirmed pictures of terrorists beheading children" (Withuis 2023c). Hiervoor is Biden skerp en wyd gekritiseer, ook deur die Withuis se personeel:

The White House clarifies that President Joe Biden and other US officials have not seen or independently confirmed that Hamas terrorists beheaded Israeli children. [...] A White House spokesperson says the president based his comments on claims from Netanyahu's spokesman and media reports from Israel. (Times of Israel 2023)

Meer as twee maande later hou Biden vol met sy weergawe:

You know, they – I saw some of the photographs when I was there – tying a mother and her daughter together on a rope and then pouring kerosene on them and then burning them, beheading infants, doing things that are just inhuman — totally, completely inhuman. (Withuis 2023m)

Dis nie moreel regverdigbaar om stilte, verwronge logika, onvolledige inligting, onwaarhede óf empatie te gebruik om mense oor te haal om onreg te ondersteun en dekades van staatsgeweld te normaliseer nie. Biden gebruik egter ook die Ou Testament in sy betoog ten gunste van Sionisme se imperiale en diskriminerende agenda.⁵ Met verwysing na Moses roep hy 'n mitiese verlede op wat insinueer dat die identiteit van die Ou Testamentiese Jode direk verbind is met Joodse Israeli's en die staat Israel. Die diep problematiek van hierdie idee van 'n suiwer bloedlyn deur millennia is deeglik deur Shlomo Sand uitgewys in sy boek *The invention of the Jewish people* (Sand 2010). Biden mobiliseer egter die Ou Testament om 'n inspirerende indruk te skep van Amerika en Israel se dapper deursettingsvermoë in krisistye weens hulle morele leierskap en gedeelde geloof dat almal na die gelykenis van God geskape is (Withuis 2023e):

What sets us apart from the terrorists is we believe in the fundamental dignity of every human life – Israeli, Palestinian, Arab, Jew, Muslim, Christian – everyone. [...] We are all human beings created in the image of God with dignity, humanity, and purpose. In the darkness, to be the light unto the world is what we're about. [...] Nations of conscience like the United States and Israel are not measured solely by the example of their power. We're measured by the power of our example. That's why, as hard as it is, we must keep pursuing peace. We must keep pursuing a path so that Israel and the Palestinian people can both live safely, in security, in dignity, and in peace. (Withuis 2023e)

Die Palestynse Christene verklaar in hulle wêreldwye oproep om hulp dat die menswees van beide die onderdrukker en die onderdrukte ly onder die diskriminasie teen Palestyne en dat vrede gebaseer op internasionale reg nodig is vir die heil van albei partye (Kairos Palestina 2011). Biden noem nie hierdie standpunt wanneer hy volgens sy Christelike waardes redeneer nie. Hy ignoreer ook die menings van teoloë in Palestina, Amerika, Suid-Afrika en elders wat dit duidelik maak dat hulle nie gelyktydig God én die onderdrukking van Palestyne kan dien nie (Kairos Palestina en Globale Kairos vir Geregtigheid 2020). In die tradisie van hasbara steun Biden op 'n problematiese logika wat van een na die volgende stelling spring om oorsaak en gevolg aan te dui, maar sonder volledige inligting, sonder konsekwentheid, en sonder genuanseerde interpretasie.

As die VSA opreg vrede en veiligheid nastreef en oortuig is dat almal geregtig is op menswaardigheid, waarom verhoed Amerika sedert 1948 dat Israel aanspreeklik gehou word vir sistemiese menseregte-oortredings? Waarom word albei partye nie verantwoordbaar gehou aan internasionale wette nie? As Biden meen dat Palestynse burgerlikes beskerm moet word teen Israel se militêre aanslag "as best as they can" (Withuis 2023h), hoeveel burgerlike sterftes en beserings is dan aanvaarbaar? Teen 20 Oktober toe Biden dié uitspraak gemaak het, was daar reeds 4 137 mense in Gaza dood en 13 162 beseer, met 'n verdere 82 Palestynse sterftes in die Wesoeier en 1 425 beseerdes. Dit benewens die ontworteling van omtrent almal in Gaza en die vernietiging van huise, universiteite, argiewe, kunswerke, eeue oue kerke en moskees, hospitale, paaie en ander infrastruktuur. Hierdie syfers kontrasteer sterk met die 1 400 sterftes in Israel wat op dieselfde datum aangeteken is en later aangepas is tot 1 139 mense, met 4 638 beserings (Verenigde Nasies 2023a).

Die staatsleier se pogings om Israel se saak as eerbaar en redelik voor te stel staan in skrilte kontras met die werklikheid. Terwyl hy oënskynlik albei partye in ag neem in die strewe na gelykheid en vrede, moedig hy inderwaarheid bewondering, lojaliteit, empatie en praktiese ondersteuning vir Israel aan.

3.2 Palestynse regte voorgelou as verdag

Die toon en aanslag van hasbara is ontwerp om gebalanseerd, objektief en empaties te klink, maar die doel is om die Palestyne en hulle saak verdag te maak. Hasbara word gebruik om enige verzet teen Israel te stigmatiseer. Selfs vreedsame protes soos optogte, openbare kritiek en die BDS-veldtog⁶ is in die visier. Die Facebook-blaaie van Israeliese agente wat jongmense in die Wesoeier teiken, demonstreer byvoorbeeld hierdie sielkundige oorlogvoering (Cohen 2022:1–10). Die oorspronklike Sionistiese boodskap van sowat 'n eeu gelede is steeds daar: Lojaliteit teenoor Israel sal beloon word, maar dié wat nie gehoor gee nie, sal die prys betaal. Die Facebook-inskrywings teiken spesifieke individue, gesinne en gemeenskappe om met Israel saam te werk en diegene wat rebelleer, uit te lewer. As afskrikmiddel herinner die Joodse

agente Palestyne aan Israel se praktyk van kollektiewe vergelding waarvolgens Israel groepstraf toepas. Beeldmateriaal van jongmense in aanhouding en huisslopings wys byvoorbeeld hoe Israel gesinne, gemeenskappe en dorpe straf as 'n vorm van intimidasie.

Nie-Palestynse groepe en individue wat die Palestynse strewe na geregtigheid en selfbeskikking ondersteun, is ook in die visier van hasbara (Schulman 2023). Dit sluit nie-Sionistiese Jode, transnasionale aktiviste en ander belangegroepe in wat geregverdigde kritiek teen 'n diskriminerende staatsbestel lewer. Hulle word gewoonlik beskuldig van anti-Semitisme en hierdie aanslag werk veral goed in die Weste weens skuldgevoelens oor die Holocaust. Dat Joodse Israeli's as verwit en vermenslik voorgestel word, en Palestyne as verswart en verontmenslik, is 'n bydraende faktor (Spangenberg en Van der Westhuizen 2018:128). Terwyl anti-Semitisme diskrimineer teen Jode, diskrimineer Sionisme weer teen Palestyne. Albei vorme van diskriminasie moet sonder twyfel wêreldwyd beveg word, maar dis nie wat Biden doen nie. Hy gebruik anti-Semitisme om die Qassam-brigade se inval as 'n daad van suiwer haat, en nie as verzet teen staatsgeweld nie, te kontekstualiseer. Wat veronderstel was om 'n heilige Joodse dag te wees, "became the deadliest day for the Jewish people since the Holocaust. It has brought to the surface painful memories and scars left by a millennia of antisemitism and the genocide of the Jewish people" (Withuis 2023e). Die verwerplikheid van anti-Semitisme vorm 'n refrein in Biden se toesprake, veral in sy gesprekke met die VSA se Joodse kieserskorps, en soms as 'n woordelike herhaling van vorige opmerkings:

This attack has brought to the surface painful memories and the scars left by a millennia [sic] of antisemitism and genocide of the Jewish people. (Withuis 2023b)

You know, we're also going to continue to condemn and combat antisemitism at every single turn – at every turn. You know, the past few days have been a solemn reminder that hate never goes away. (Withuis 2023c)

I've been clear that our administration stands with you. We're aggressively implementing America's first-ever National Strategy to Counter Antisemitism: prosecuting hate crimes, addressing antisemitism in schools, increasing security around Jewish centers of Jewish life, and more. (Withuis 2023m)

Biden se woorde roep 'n moontlike verband met anti-Semitisme op ten spyte van die feit dat die Palestyne geen aandeel in die Holocaust het nie. Sy benadering tot Palestyne is deel van 'n geskiedenis waarin Amerika Palestyne se identiteit en regte ondergeskik stel aan dié van Joodse Israeli's. In 2011 het die Palestynse Owerheid byvoorbeeld by die VN aansoek gedoen om waarnemerstatus. Tydens hierdie geleentheid het president Obama, soos Biden, ruim erkenning gegee aan Europese Jode se geskiedenis van lyding, hulle behoefte aan vryheid, en die noodsaak om Israel te beskerm. Oor die Palestyne het hy gepraat asof hulle geen geskiedenis en verliese het nie en slegs eise stel. Hy het stilgebly oor die Nakba toe 85% van Palestyne vlugtelinge geword het en oor Israel se voortgaande grondvergrype, die militêre besetting, die diskriminerende wette en al die ander wyses waarop Israel 'n skrikbewind voer in weerwil van internasionale reg. Obama het geen melding gemaak van die VSA se ruim politieke, finansiële en militêre steun aan Israel sedert 1948 nie. Die omvang van hierdie buitelandse hulp ten koste van die Palestyne laat vrae ontstaan oor die VSA se belang in 'n streeksmagbasis.

Amerikaanse staatshoofde se jare lange retoriek wat Palestynse strewes onder verdenking plaas, help om die idee van 'n duidelike vyand onder die algemene publiek en kiesers te vestig.

Mettertyd word dit deel van “manufacturing the consent for violence [...] Many of these techniques, tried and true at manipulating the human psyche, may seem invisible unless explicitly called out” (Rabb 2023). As die kieserspubliek verder ook onder die indruk is van ’n moorddadige bedreiging deur ’n onredelike aggressor, is dit makliker om hulle te oortuig dat oorlog noodsaaklik en gepas is.

Gaza staan reeds lankal bekend as die grootste opelugtronk ter wêreld. Die bevolking bestaan hoofsaaklik uit vlugteling wat tydens die Nakba in 1948 daarheen verdryf is en hul nasate. Dié dun strook se ekonomie, hulpbronne, invoere, en die grense op land, water en see, word volledig deur Israel beheer.

Die stigmatisering van Palestyne as terroriste en as Jode-haters help om mense met neutrale menings oor te haal om Palestyne se gewapende verzet as misdadig te beskou, en Israel se geweld as selfverdediging (Luntz 2009:10). Westerse argumente wat sentreer rondom Israel se reg op selfverdediging soos uiteengesit in artikel 51 van die VN-Handves het skerp kritiek uitgelok (Al Jazeera 2023; Shavit 2023; Sommer en Wagner 2023). Skok en ontsetting oor die skade in Israel is uiteraard geregverdig, maar simplistiese en misleidende ontledings wat die gebeure van 7 Oktober sonder konteks beskou, is nie aanvaarbaar nie. Dieselfde lande wat Rusland se besetting van Oekraïne heftig teëstaan, het nie ook Israel se besetting van Gaza en die res van Palestina verwerp of selfs genoem nie. Net so is die geskiedkundige aanloop wat moontlik bygedra het tot Hamas se gewelddadige inval, asook die Palestyne se reg op gewapende verzet volgens internasionale reg, buite rekening gelaat.

Palestina is nie ’n staat nie en het nie ’n weermag nie. Volgens die Aanvullende Protokol I van die Geneefse Konvensie van 1949 is Palestyne egter wel geregtig op gewapende verzet teen Israel se dekades lange besetting, maar hulle mag nie burgerlikes teiken nie (Internasionale Komitee van die Rooi Kruis 2004). Trouens, die besetter het verskeie verantwoordelikhede teenoor die besette party. Dit sluit onder meer in die handhawing van voldoende higiëne, openbare gesondheid, mediese sorg, kosvoorraad, water en ander basiese menseregte. Die besetter mag ook nie die besette bevolking verplaas, ontwortel, of enige vorm van kollektiewe straf op hulle toepas nie (Internasionale Komitee van die Rooi Kruis 2004).

Biden is deeglik bewus van die VSA se internasionale verantwoordelikheid. Hy noem Amerika die “indispensable” en “essential nation” (Withuis 2023h, 2023m) waarna die wêreld opsien vir leierskap. In die eerste sin van sy toespraak op 7 Oktober 2023, en deeglik bewus daarvan dat die Midde-Ooste en Europa Amerika se reaksie dophou, bestempel die President Hamas as ’n “terroriste-organisasie” (Withuis 2023a). Daarna, in elkeen van die toesprake onder bespreking, beskryf hy Hamas in terme van terrorisme saam met talle byvoeglike naamwoorde, dikwels meer as een maal. Vir Biden is daar ’n ooreenkoms tussen Hamas en ISIS (Withuis 2023b, 2023c). ISIS se optrede blyk egter volgens hom meer redelik:

[T]errorist groups like Hamas brought not only terror, but sheer evil – sheer evil to the world. Evil that echoes the worst and matches – in some cases, exceeds – the worst atrocities of ISIS. (Withuis 2023c)

They’re – committed evils that – and atrocities that make ISIS look somewhat more rational. (Withuis 2023f)

Biden se kommunikasie tref 'n duidelike skeidslyn tussen wat hy beskou as 'n bloeddorstige, bouse en onredelike aggressor en die VSA en Israel as onskuldige, wetsgehoorsame lande. "We uphold the laws of war – the law of war. It matters. There's a difference" (Withuis 2023b). Volgens Biden verdien Israel die daadwerklike ondersteuning van die VSA: "[W]e must be crystal clear: We stand with Israel. We stand with Israel. And we will make sure Israel has what it needs to take care of its citizens, defend itself, and respond to this attack" (Withuis 2023b). Hierdie stellings skep die indruk dat Hamas se geweld erger of meer verwerplik is as dié van Israel en die VSA.

Biden se dubbele standaarde vergeleke met sy hantering van die Rusland-Oekraïne-oorlog is opsigtelik. Wanneer hy verdere wapens en ammunisie aan Oekraïne motiveer, is hy uitgesproke oor oorlogsmisdade, soos dat hulle in donkerte en winterkoue gedompel is omdat Rusland Oekraïne se kragnetwerk gebombardeer het. Anders as in die geval van Gaza, kondig die President dringende en praktiese maatreëls vir Oekraïne aan:

Let me be clear: We need real solutions. I support real solutions at the border.

I put forward a comprehensive plan the first day I came into office. I've made it clear that we need Congress to make changes to fix what is a broken immigration system, because we know – we all know it's broken.

And I'm willing to do significantly more. But in terms of changes to policy and to provide resources that we need at the border, I'm willing to do – change policy as well.

I've asked for billions of dollars for more border agents, more immigration judges, more asylum officers.

Republicans have to decide if they want a political issue or if they want a solution at the border. Do they really want a solution? It cannot be sustained as it is now.

We need a real solution. (Withuis 2023l)

Oor die mense in Gaza wat ook in donkerte en koue gedompel is, laat Biden kritiese inligting weg. Hy verswyg dat Israel Gaza se krag-, water-, riool- en kommunikasienetwerke en ander noodsaaklike infrastruktuur verwoes het. Die frustrasies en dekades lange onreg teenoor Palestyne, hulle reg op gewapende weerstand en die katastrofiese skade in Gaza is nie deel van sy argumente nie. Sy gereduseerde weergawe van die werklikheid ignoreer beide die verantwoordelikhede van Hamas (om slegs militêre teikens aan te val) en van Israel (om die besetting van Palestynse gebiede en gepaardgaande onregte te beëindig en burgerlikes en hulle regte te beskerm).

Hierdie voorbeelde uit Biden se toesprake demonstreer 'n mengsel van tegnieke soos insinuasies, gelaaiete terme, emosies, die idee van wetsgehoorsaamheid en selektiewe feite om die waarheid te manipuleer. Die onderliggende betekenis van sy vereenvoudigde boodskap is dat die Palestyne se aansprake op vryheid, veiligheid en geregtigheid sekondêr is tot die beskerming van Israel; en dat Israel se oorlog en die VSA se verskaffing van wapentuig aan Israel, ondanks die groot aantal ongevalle onder Palestynse burgerlikes, geregverdig is.

Die talle teenstrydighede tussen Israel se retoriek van redelikheid in weerwil van die verdoe-mende werklikheid van buitensporige militêre geweld en sistemiese diskriminasie weerspieël 'n inherente spanning. Dis juis hierdie spanning wat die sukses en volhoubaarheid van hasbara op die spel plaas (Aouragh 2016; Cohen 2022; Schleifer en Snapper 2015). Hoe meer die propaganda Israel se identiteit en optrede verdedig, hoe meer kritiek ontlok dit – wat weer lei

tot die destabilisering van hasbara. Wat die president van die VSA sê of nie sê nie, speel egter 'n belangrike rol in die beïnvloeding van openbare persepsies.

3.3 'n Selektiewe toepassing van waardes

Biden is uitgesproke oor sy morele kompas. In 'n gesprek met Joodse gemeenskapsleiers in Amerika beklemtoon hy byvoorbeeld die rigtinggewende rol van sy Christelike geloof:

Q: Mr. President, where do you draw strength and inspiration in these troubling times?

THE PRESIDENT: From my faith. From my faith – my faith that – that at the core of every human being is a spark of humanity and decency, and it's got to be touched. It's got to be spoken to. That's what you do. That's why you're here. (Withuis 2023c)

Biden spesifiseer sy waardes voorts in terme van die belang van vryheid van spraak en godsdiensvryheid en dat alle mense na die beeld van God geskape is en geregtig is op menswaardigheid (Withuis 2023e). Amerika se waardegedrewe leierskap, so redeneer hy, is die spil waarom die wêreld draai:

American leadership is what holds the world together. American alliances are what keep us, America, safe. American values are what make us a partner that other nations want to work with. To put all that at risk if we walk away from Ukraine, if we turn our backs on Israel, it's just not worth it. (Withuis 2023h)

Terwyl Israel homself mag verdedig, so redeneer Biden, moet die menslike nood in Gaza bestuur word sonder om Israel se aanslag op Hamas te benadeel. Op 12 Desember 2023, die dag waarop die VSA die VN se resoluëie oor 'n skietstilstand afstem, herhaal Biden by 'n verkiesingsveldtog met Joodse Amerikaners die noodsaak om nooit onreg te verswyg nie. Juis nou, te midde van die krisis, so argumenteer hy, moet Amerikaners hul waardes uitleef:

In this moment, we have to hold on to the core values of who we are as Americans. The core values are equity, equality, justice, freedom, dignity, respect – values that, from the inception of our nation, have shaped literally the culture, contributions, and values of the Jewish Americans – including all of you that are here – Americans. [...] We continue to provide military assistance to Israel as it goes after Hamas ... We'll continue leading the world in delivering humanitarian assistance to the Palestinian civilians as well to emphasize to our friends in Israel the need to protect civilian life. And they understand it, the vast majority of the population. (Withuis 2023m)

Met hierdie woorde waarin hy universele waardes in dieselfde asem noem as sy regverdiging van oorlog en sy onwrikbare loyaliteit teenoor Israel, gevolg deur 'n sydelingse opmerking na hoe swak Palestyne geregeer word (Withuis 2023), motiveer Biden sy gehoor om in 2024 weer vir hom te stem.

Daar is 'n gaping tussen wat Biden sê en doen. Hoewel hy eksplisiet is oor sy verbintenis tot 'n waardestelsel wat ooreenstem met dié van die Universele Verklaring van Menseregte, pas hy dit selektief toe. Biden se woorde en waardes klink dalk vir sommige opbouend, maar sy uitsprake behels simplistiese stellings, 'n verwronge logika en dubbele standaarde soos aanbeveel in Luntz se 2009-taalwoordeboek. Hierdie soort uitsprake weerspreek die standpunte van nie-Sionistiese

Jode wat meen dat Israel, juis weens die verskrikking van die Holocaust, nooit enige ander groep mense op enige ander manier mag onderdruk of uitroei nie.

Voorts, soos voorgestel deur Luntz (2009), gebruik die President tegnieke soos vae positiewe frases, feite, mites, onvolledige inligting, valshede, uitdrukkings van empatie, emosie, insinuasies en gelaaide terme wat die indruk skep dat Israeli's eerbaar is en dat Palestyne nie vertrou kan word nie. Die enigste propagandategniek van Luntz (2009) wat nie in die datakorpus voorkom nie, is dié van retoriese vrae. Biden se uitsprake verleen dus doelbewus voorrang aan Israel se identiteit en agenda bo dié van Palestyne en sy argumente is gebaseer op dié van hasbara. Biden en sy administrasie bemagtig Israel daarom nie net met befondsing, militêre toerusting en diplomatieke beskerming in die aanslag op Gaza nie, maar ook met propaganda.

4. Ten slotte: 'n wêreld in krisis

Argumente wat die ongelyke magsverhouding tussen Israel en die Palestyne sistap, onderskryf die idee van 'n binêre konflik. Dit bevorder 'n rigiede raamwerk met kategorieë soos pro-Israelies en pro-Palestyns wat keuses beperk. Biden se kommunikasie, deurspek van hasbara-retoriek, argumenteer ten gunste van so 'n verdelende paradigma met 'n keuse tussen groepe mense as die enigste en regte keuse.

Die diep tweespalt oor wie reg en wie verkeerd is, en die onvermoë van die wêreld om 'n oplossing te bereik, is nie toevallig nie. Dit weerspieël die VSA se doel om juis die teenoorgestelde te doen van wat hulle voorgee, en die publiek se gewilligheid om propaganda vir soetkoek op te eet. Biden se uitsprake gee voor om haat en onstabiliteit te vermy ter wille van vrede en voorspoed, maar in werklikheid verdiep dit verdeling en onreg.

Amerika het 'n deurslaggewende rol in die verwesenliking al dan nie van Palestyne se vryheid en regte. Israel, 'n militêre supermoondheid, is egter vir die VSA (en die Weste) 'n strategiese vennoot in die Midde-Ooste. As Israel se beskerm, vennoot en finansierder het Amerika die mag om 'n besluit af te dwing. Biden kan die bloedbad in Gaza onmiddellik beëindig; hy kan toelaat dat Israel deur die VN se Veiligheidsraad aanspreeklik gehou word vir dekades van misdade teen die Palestyne; en hy kan bydra tot die verwesenliking van Palestynse selfbeskikking. Hy kan, in plaas daarvan om groepe mense teen mekaar af te speel, eerder internasionale reg as 'n maatstaf gebruik om vir albei partye 'n volhoubare vrede te beding. Hy doen dit egter nie en kies vir die VSA se eie belang. Sodoende versak Biden die VSA se verantwoordelikhede om universele waardes en internasionale reg konsekwent toe te pas en om as 'n permanente lid van die VN-Veilighedsraad internasionale vrede en veiligheid te handhaaf en af te dwing. Biden verleen verder stukrag aan groteske menseregte-oortredings onder die vaandel van sy geloof. Dit bring ook vrae oor sy persoonlike verantwoordelikheid in die aanhitsing van wandade na vore.

Biden se gebrek aan morele integriteit en leierskap werp die lig op 'n wêreldbestel waarin die beëindiging van diskriminasie en oorlog teen burgerlikes nie gewaarborg is nie. As enige land – in hierdie geval die magtigste ter wêreld – se selektiewe toepassing van universele waardes en internasionale reg sedert 1948 nie tot orde geroep kan word nie, is dit tyd om die wêreldgemeenskap se strukture wat omsien na internasionale vrede en veiligheid te hersien, veral waar dit betrekking het op basiese menseregte. Hoe die wêreld dié saak hanteer, raak alle lande

en alle mense. Die Palestynse stryd gaan nie meer net oor selfbeskikking, vrede en veiligheid nie. Dis 'n stryd om oorlewing en die integriteit van geregtigheid.

Bibliografie

ADALAH (The Legal Centre for Arab Minority Rights in Israel). S.j. Discriminatory laws in Israel. <https://www.adalah.org/en/law/index> (17 Januarie 2024 geraadpleeg).

Al Jazeera. 2023. Western leaders accused of hypocrisy over response to Palestine, Ukraine. 9 Oktober. <https://www.aljazeera.com/news/2023/10/9/western-leaders-accused-of-hypocrisy-over-response-to-palestine-ukraine> (10 April 2024 geraadpleeg).

Amnestie Internasionaal. 2022. Israel's apartheid against Palestinians: cruel system of domination and crime against humanity. 1 Februarie. <https://www.amnesty.org/en/documents/mde15/5141/2022/en> (10 Januarie 2024 geraadpleeg).

Aouragh, M. 2016. Hasbara 2.0: Israel's public diplomacy in the digital age. *Middle East Critique*, 25(3):271–97. DOI: 10.1080/19436149.2016.1179432.

Asrar, S. en M. Hussein. 2023. How the US has used its veto power at the UN in support of Israel. *Al Jazeera*, 26 Oktober. <https://www.aljazeera.com/news/2023/10/26/how-the-us-has-used-its-veto-power-at-the-un-in-support-of-israel> (10 April 2024 geraadpleeg).

B'Tselem (The Israeli Information Center for Human Rights in the Occupied Territories). 2021. A regime of Jewish supremacy from the Jordan River to the Mediterranean Sea: This is apartheid. 12 Januarie. https://www.btselem.org/publications/fulltext/202101_this_is_apartheid (10 April 2024 geraadpleeg).

Balfour, A.J. 1917. Brief aan Lord Rothschild op 2 November. https://en.wikipedia.org/wiki/Balfour_Declaration#/media/File:Balfour_declaration_unmarked.jpg (10 Desember 2023 geraadpleeg).

Balfour Declaration: United Kingdom (1917). s.j. Britannica. <https://www.britannica.com/event/Balfour-Declaration> (18 Desember 2023 geraadpleeg).

Barghouti, O. 2011. BDS: *Boycott, divestment, sanctions. The global struggle for Palestinian rights*. Chicago, IL: Haymarket.

Blum, A. 2023. Israel social security data reveals true picture of Oct 7 deaths. *Al Monitor*, 15 Desember. <https://www.al-monitor.com/originals/2023/12/israel-social-security-data-reveals-true-picture-oct-7-deaths> (10 April 2024 geraadpleeg).

Braverman, M. 2010. *Fatal embrace. Christians, Jews, and the search for peace in the Holy Land*. Austin, TX: Synergy.

Chomsky, N. en E.S. Herman. 1988. *Manufacturing consent: The political economy of the mass media*. New York: Pantheon Books.

Cockburn, P. 2014. The secret report that helps Israel hide facts. *Independent*, 29 Julie. <https://www.independent.co.uk/voices/comment/israelgaza-conflict-the-secret-report-that-helps-israelis-to-hide-facts-9630765.html> (12 Januarie 2024 geraadpleeg).

Cohen, H. 2022. Marketing the occupation to the Palestinians of the West Bank: Shabak Facebook pages in historical context. *Israel Studies (Bloomington)*, 27(1):1–34.

Coren, O. en N. Feldman. 2013. U.S. Aid to Israel Totals \$233.7b over six decades. *Haaretz*, 20 Maart. <https://www.haaretz.com/israel-news/business/2013-03-20/ty-article/.premium/u-s-aid-to-israel-234-billion-over-60-years/0000017f-dc69-d3a5-af7f-feef96760000> (4 Mei 2024 geraadpleeg).

Duffy, N. 2023. How every country voted as UN General Assembly backs Gaza ceasefire 153–10. *iNews*, 12 Desember. <https://inews.co.uk/news/world/un-general-assembly-backs-call-immediate-ceasefire-gaza-2805703> (10 Januarie 2024 geraadpleeg).

Human Rights Watch. 2021. A threshold crossed: Israeli authorities and the crimes of apartheid and persecution. 27 April. <https://www.hrw.org/report/2021/04/27/threshold-crossed/israeli-authorities-and-crimes-apartheid-and-persecution> (10 April 2024 geraadpleeg).

Internasionale Geregshof. 2024. Application of the Convention on the Prevention and Punishment of the Crime of Genocide in the Gaza Strip (South Africa v. Israel). 12 Januarie. <https://www.icj-cij.org/case/192> (5 Januarie 2024 geraadpleeg).

Internasionale Komitee van die Rooi Kruis. 2004. Occupation and international humanitarian law: questions and answers. 4 Augustus. <https://www.legal-tools.org/doc/aac441/pdf> (5 Januarie 2024 geraadpleeg).

Jaffe-Hoffman, M. 2023. Armenian Christians attacked in Jerusalem, some in serious condition. *The Jerusalem Post*, 28 Desember. <https://www.msn.com/en-us/news/world/armenian-christians-attacked-in-jerusalem-some-in-serious-condition/ar-AA1m9xzY> (8 Januarie 2024 geraadpleeg).

Kairos Palestina. 2011. 'n Oomblik van waarheid: 'n woord van geloof, hoop en liefde uit die hart van die Palestynse lyding. https://www.kairospalestine.ps/sites/default/files/Afrikaans_0.pdf (10 April 2024 geraadpleeg).

Kairos Palestina en Globale Kairos vir Geregtigheid. 2020. Kreet om hoop: 'n wekroep tot beslissende optrede. <https://cryforhope.org/media/attachments/2020/07/07/cry-for-hope-afrikaans.pdf>.

Kane, A. 2020. The rise and fall of The Israel Project. *Jewish Currents*, 18 Februarie. <https://jewishcurrents.org/the-rise-and-fall-of-the-israel-project> (10 April 2024 geraadpleeg).

Khatri, S. 2024. Gripping graphics shed light on Palestinians' struggle for freedom. *TRT World*. https://www.trtworld.com/magazine/gripping-graphics-shed-light-on-palestinians-struggle-for-freedom-17344237?blm_aid=23600 (10 April 2024 geraadpleeg).

Khoo J. en R.K. Sterken (reds.). 2021. *The Routledge handbook of social and political philosophy of language*. New York: Routledge.

Long, G. 2023. Is this a turning point for Israel's standing in the world? *Jacobin*, 9 Desember. <https://jacobin.com/2023/12/israel-palestine-gaza-diplomacy-asia-africa-europe-middle-east> (12 Desember 2024 geraadpleeg).

Luntz, Frank. 2009. The Israel Project's 2009 global language dictionary. The Israel Project for security, freedom and peace. <https://www.docdroid.net/fa9h/the-luntz-report-the-israel-projects-2009-global-language-dictionary-pdf#page=2>.

McGreal, C. 2023. How American citizens are leading rise of "settler violence" on Palestinian lands. *The Guardian*, 15 Desember. <https://www.theguardian.com/world/2023/dec/15/biden-extremist-jewish-settlers-travel-ban-loop-hole> (16 Desember 2023 geraadpleeg).

Momberg, M. 2023a. Apartheid then and now – where are we heading? The case of Israel. *Stellenbosch Theological Journal*, 9(3):1–19. <http://dx.doi.org/10.17570/stj.2023.v9n3.a1>.

—. 2023b. *21 Voices from Israel and South Africa: Why the Palestinian struggle matters*. De Kelders: Naledi.

Obama, B. 2011. Text of Obama's speech at U.N. *The Wall Street Journal*, 21 September. <https://www.wsj.com/articles/BL-WB-31355> (10 Januarie 2024 geraadpleeg).

Pappe, I. 2013. *The ethnic cleansing of Palestine*. Londen: Oneworld.

Rabb, N. 2023. The rhetoric of war and genocide is on display by US and Israeli media. *Common Dreams*, 2 November. <https://www.commondreams.org/opinion/rhetoric-of-genocide-israel-us-gaza> (11 Januarie 2024 geraadpleeg).

Rozovsky, L. 2024. Family members of Israelis who were killed on October 7 after a standoff between Hamas terrorists and the Israeli army led to the families of Israelis killed in Be'eri home hit by IDF tank on October 7 Demand Probe. *Haaretz*, 6 Januarie. <https://www.haaretz.com/israel-news/2024-01-06/ty-article/.premium/families-of-israelis-killed-in-beeri-home-hit-by-tank-fire-on-october-7-demand-probe/0000018c-de77-daf6-a5df-df7f22d60000> (10 Januarie 2024 geraadpleeg).

Sand, S. 2010. *The invention of the Jewish people*. Uit Hebreeus vertaal deur Y. Lotan. Londen: Verso.

Schleifer, R. en J. Snapper. 2015. *Advocating propaganda. Viewpoints from Israel. Social media, public diplomacy, foreign affairs, military psychology, and religious persuasion perspectives*. Eastbourne: Sussex Academic Press.

Schulman, S. 2023. Israel-Hamas war: Explanations are not excuses. *Intelligencer*, 16 Oktober. <https://nymag.com/intelligencer/2023/10/israel-gaza-war-manufactured-consent.html> (10 Desember 2023 geraadpleeg).

Sharp, J. 2013. *U.S. Foreign aid to Israel*. Congressional Research Service, Report prepared for Members and Committees of Congress. <http://www.fas.org/sgp/crs/mideast/RL33222.pdf>.

Shavit, A. 2013. *My promised land. The triumph and tragedy of Israel*. New York: Spiegel & Grau.

Shavit, E. 2023. Western leaders stand with Israel – for now. Institute for National Security Studies, 24 Oktober. https://www.inss.org.il/social_media/western-leaders-stand-with-israel-for-now (9 Desember 2023 geraadpleeg).

Sommer, W. en L. Wagner. 2023. Hundreds of journalists sign letter protesting coverage of Israel. *The Washington Post*, 9 November. <https://www.washingtonpost.com/style/media/2023/11/09/open-letter-journalists-israel-gaza> (10 Desember 2023 geraadpleeg).

Spangenberg, I.J.J. en C. van der Westhuizen. 2018. Kritiese besinnings oor die Israelse eiendomsaansprake op Palestina. *LitNet Akademies*, 15(3):95–137. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2018/12/LitNet_Akademies_15-3_Spangenberg-VdWesthuizen_95-137.pdf.

Stanley, J. 2015. *How propaganda works*. Princeton, NJ: Princeton University Press.

Stanley, J. en A. Quaranto. 2021. Propaganda. In Khoo en Sterken (reds.) 2021:125–46.

Times of Israel. 2023. White House: Biden has not seen or independently confirmed Hamas beheaded Israeli children, 12 Oktober. https://www.timesofisrael.com/liveblog_entry/white-house-biden-has-not-seen-or-independently-confirmed-hamas-beheaded-israeli-children (10 Desember 2023 geraadpleeg).

Verenigde Nasies. S.j. Universal Declaration of Human Rights. <https://www.un.org/en/about-us/universal-declaration-of-human-rights> (20 Januarie 2024 geraadpleeg).

—. 2023a. The Secretary-General letter to the Security Council invoking Article 99 of the United Nations Charter, New York. 6 Desember. E-pos aan artikelskrywer op 6 Desember. ochaopt@un.org.

—. 2023b. Verenigde Nasies se kantoor vir die koördinerende van humanitêre sake: besette Palestynse gebied. Hostilities in the Gaza Strip and Israel: Flash update #14. 20 Oktober. <https://www.ochaopt.org/content/hostilities-gaza-strip-and-israel-flash-update-14> (20 Oktober 2023 geraadpleeg).

—. 2023c. UN relief chief: “No place safe” for civilians in southern Gaza. Transkripsie van persverklaring oor die humanitêre situasie in Gaza. Genève, 7 Desember. <https://www.unocha.org/news/un-relief-chief-no-place-safe-civilians-southern-gaza> (7 Desember 2023 geraadpleeg).

—. 2023d. Statement by the United Nations Resident and Humanitarian Coordinator in the occupied Palestinian territory, Lynn Hastings, on International Human Rights Day. Jerusalem, 10 Desember. <https://www.unocha.org/publications/report/occupied-palestinian-territory/statement-united-nations-resident-and-humanitarian-coordinator-occupied-palestinian-territory-lynn-hastings-international-human-rights-day-enarhe> (10 Desember 2023 geraadpleeg).

—. 2023e. Hostilities in the Gaza Strip and Israel: Flash update #67, 12 Desember. <https://www.unocha.org/publications/report/occupied-palestinian-territory/hostilities-gaza-strip-and-israel-flash-update-67> (12 Desember 2023 geraadpleeg).

- . 2023f. Hostilities in the Gaza Strip and Israel: Flash update #71, 16 Desember. <https://www.ochaopt.org/content/hostilities-gaza-strip-and-israel-flash-update-71> (5 Januarie 2024 geraadpleeg).
- . 2023g. Hostilities in the Gaza Strip and Israel: Flash update #81, 30 Desember. <https://www.ochaopt.org/content/hostilities-gaza-strip-and-israel-flash-update-81> (5 Januarie 2024 geraadpleeg).
- Withuis. 2023a. Remarks by President Biden on the terrorist attacks in Israel. <https://www.whitehouse.gov/briefing-room/speeches-remarks/2023/10/07/remarks-by-president-biden-on-the-terrorist-attacks-in-israel> (6 Januarie 2024 geraadpleeg).
- . 2023b. Remarks by President Biden on the terrorist attacks in Israel. <https://www.whitehouse.gov/briefing-room/speeches-remarks/2023/10/10/remarks-by-president-biden-on-the-terrorist-attacks-in-israel-2> (6 Januarie 2024 geraadpleeg).
- . 2023c. Remarks by President Biden and Second Gentleman Douglas Emhoff at roundtable with Jewish community leaders. <https://www.whitehouse.gov/briefing-room/speeches-remarks/2023/10/11/remarks-by-president-biden-and-second-gentleman-douglas-emhoff-at-roundtable-with-jewish-community-leaders> (6 Januarie 2024 geraadpleeg).
- . 2023d. Remarks by President Biden at community engagement to meet with Israelis impacted or involved in the response to the October 7th terrorist attacks. <https://www.whitehouse.gov/briefing-room/speeches-remarks/2023/10/18/remarks-by-president-biden-at-community-engagement-to-meet-with-israelis-impacted-or-involved-in-the-response-to-the-october-7th-terrorist-attacks-tel-aviv-israel> (6 Januarie 2024 geraadpleeg).
- . 2023e. Remarks by President Biden on the October 7th terrorist attacks and the resilience of the State of Israel and its people. <https://www.whitehouse.gov/briefing-room/speeches-remarks/2023/10/18/remarks-by-president-biden-on-the-october-7th-terrorist-attacks-and-the-resilience-of-the-state-of-israel-and-its-people-tel-aviv-israel> (6 Januarie 2024 geraadpleeg).
- . 2023f. Remarks by President Biden and Prime Minister Netanyahu of Israel before bilateral meeting. <https://www.whitehouse.gov/briefing-room/speeches-remarks/2023/10/18/remarks-by-president-biden-and-prime-minister-netanyahu-of-israel-before-bilateral-meeting-tel-aviv-israel> (7 Januarie 2024 geraadpleeg).
- . 2023g. Remarks by President Biden and Prime Minister Benjamin Netanyahu of Israel before expanded bilateral meeting. <https://www.whitehouse.gov/briefing-room/speeches-remarks/2023/10/18/remarks-by-president-biden-and-prime-minister-benjamin-netanyahu-of-israel-before-expanded-bilateral-meeting-tel-aviv-israel> (7 Januarie 2024 geraadpleeg).
- . 2023h. Remarks by President Biden on the United States' response to Hamas's terrorist attacks against Israel and Russia's ongoing brutal war against Ukraine. <https://www.whitehouse.gov/briefing-room/speeches-remarks/2023/10/20/remarks-by-president-biden-on-the-united-states-response-to-hamas-terrorist-attacks-against-israel-and-russias-ongoing-brutal-war-against-ukraine> (7 Januarie 2024 geraadpleeg).

—. 2023i. Remarks by President Biden and Prime Minister Anthony Albanese of Australia in joint press conference. <https://www.whitehouse.gov/briefing-room/speeches-remarks/2023/10/25/remarks-by-president-biden-and-prime-minister-anthony-albanese-of-australia-in-joint-press-conference> (8 Januarie 2024 geraadpleeg).

—. 2023j. Remarks by President Biden and First Lady Jill Biden establishing the first-ever White House initiative on women's health research. <https://www.whitehouse.gov/briefing-room/speeches-remarks/2023/11/13/remarks-by-president-biden-and-first-lady-jill-biden-establishing-the-first-ever-white-house-initiative-on-womens-health-research> (7 Januarie 2024 geraadpleeg).

—. 2023k. Remarks by President Biden in a press conference. <https://www.whitehouse.gov/briefing-room/speeches-remarks/2023/11/16/remarks-by-president-biden-in-a-press-conference-woodside-ca> (8 Januarie 2024 geraadpleeg).

—. 2023l. Remarks by President Biden urging congress to pass his national security supplemental request, including funding to support Ukraine. <https://www.whitehouse.gov/briefing-room/speeches-remarks/2023/12/06/remarks-by-president-biden-urging-congress-to-pass-his-national-security-supplemental-request-including-funding-to-support-ukraine> (8 Januarie 2024 geraadpleeg).

—. 2023m. Remarks by President Biden at a campaign reception. <https://www.whitehouse.gov/briefing-room/speeches-remarks/2023/12/12/remarks-by-president-biden-at-a-campaign-reception-5> (8 Januarie 2024 geraadpleeg).

Eindnotas

¹ Hierdie Hebreëuse term word ná die verduideliking van die betekenis daarvan verder onvertaal gelaat en ongekursiveerd gebruik, soos talle ander ontleende (eintlik “aangenome”) woorde en terme in sowel plaaslike as internasionale tekste (byvoorbeeld “apartheid” in Engelse publikasies en “ubuntu”, “establishment” en “speaker” in Afrikaans). Dit geld ook vir die woord “Holocaust” in hierdie artikel.

² Die Israel Projek se deure het in 2019 gesluit weens ’n gebrek aan befondsing en toenemende spanning in Amerika se Demokratiese Party oor die integriteit van hasbara (Kane 2020).

³ Israel se oorlog teen Gaza in 2008–2009 het uitgebreek weens Israel se verbreking van ’n skietstilstand.

⁴ Volgens ’n verslag vir die Kongres van Amerikaanse Belastingbetalers het die VSA sedert die Tweede Wêreldoorlog meer geld aan Israel gegee as aan enige ander land – ’n bedrag wat \$118 miljard (huidige of nie-inflasie-aangepaste dollar) in bilaterale hulp beloop. Byna alle Amerikaanse bilaterale hulp aan Israel is in die vorm van militêre hulp.

⁵ Sionisme gebruik die Christelike geloof, Judaïsme en sekulêre propaganda om spesiale behandeling in die internasionale arena op te eis. Miljoene gelowiges en andere glo of aanvaar dat die Jode en die Bybelse groep mense genaamd Israel se identiteite onlosmaaklik verbind is

aan dié van Joodse Israeli's en die staat Israel. Hierdie sienings, gegrond op idees van 'n suiwer ras, voorvaderlike erfenis en 'n letterlike verstaan van die Bybel, neem nie faktore soos die vloeibaarheid en veranderinge in territoriale grense, migrasie, ondertrouery en die geskiedenis van verskillende heerskappye in die streek in ag nie (Momberg 2023b:10–23).

⁶ Na dekades van gewapende verset het die meerderheid burgerlike Palestyne in 2005 besluit op 'n strategie van niegewelddadige verset in die vorm van BDS oftewel boikotte, sanksies en die onttrekking van beleggings van Israel (Barghouti 2011:5).